

**Dinsdag 21 Januarie**

**Skrifgedeelte: 2 Samuel 5:1-25; 1 Kronieke 12:1-40 (1953-vertaling)**

**Fokusgedeelte: 2 Samuel 5:2-3, 10-25**

### **Erkenning van Dawid as koning is 'n erkenning van God se gesag**

In 2 Samuel 5 vind ons die derde keer wat Dawid as koning gesalf word. Die eerste was "in die geheim" toe Samuel Dawid tydens Saul se koningskap reeds as Saul se opvolger gesalf het (1 Sam. 16:3, 13). Die tweede was ná Saul se dood toe die manne van Juda Dawid as koning oor Juda gesalf het (2 Sam. 2:4) terwyl Saul se seun Isboset oor Israel koning gemaak is (2 Sam. 2:8-10).

Eers ná Isboset se dood het die stamme van Israel daartoe gekom om God se gesag te erken dat Hy Dawid as koning oor sy volk aangestel het. Hulle bely in 2 Samuel 1 en 2 dat hulle been en vlees van hom is en dat die Here aan Dawid gesê het: "Jý moet my volk Israel oppas, en jý moet 'n vors wees oor Israel." Hulle bely die Here het Dawid aangestel as herder wat God se kudde Israel moes oppas en versorg, en as koning wat Israel as vors moes beskerm – dit at hy in die tyd van Saul as krygsman eintlik alreeds gedoen het (1 Kron. 12). Daarom het ons hier met sy salwing die openbare bevestiging deur die volk Israel van wat daar in die geheim gedoen is deur Samuel (1 Kron. 11:3) met sy salwing van Dawid.

En ná hierdie gebeure, as die volk so God se gesag erken en Dawid as koning erken, kon Dawid daartoe kom om die vyand te verslaan, Jerusalem te verower wat die stad van Dawid – maar uiteindelik die Godstad – sou word (2 Sam. 5:6-12). Ook kon hy, omdat hy volgens die Here se wil wou regeer, die groot vyand, die Filistyne, verslaan nadat hy die Here geraadpleeg het (2 Sam. 5:17-25).

Uit Dawid se geslag het die ware Herder-Koning Jesus Christus gekom, been en vlees van ons, want Hy het die ware menslike natuur aangeneem, uitgesonder die sonde. Hy is in die openbaar gesalf as die Christus deur die Heilige Gees as profeet, priester en koning. Hy het so volkome volgens God se wil opgetree om die vyand te verslaan dat Hy sy lewe as Herder-Koning vir ons, sy kudde, gegee het deur as Priester Homself te offer om ons ewig van die vyand, Satan, die sonde en ons ou natuur te verlos en hierdie verlossing as Koning vir ons te bewaar en ons ewig te beskerm.

Daarom moet ons deur die Heilige Gees se werking in ons elke dag daartoe kom om Hom, die Goeie Herder as Gesalfde van die Here, as Enigste Verlosser en Ewig Koning te dien en eer na God se wil.

*Sing: Psalm 100-1:1-4*

*Ds. CJJ Putter (Jaco) (Potgietersrus)*